Wupperthal 1830 breëbors oor hul rooibostee

Johann Maarman

Nóú is ons bekend! Selfs die Engelse koningin kan maar ons fynproewer-rooibostee bestel!

So het 'n verheugde prof. Brian Figaji, voorsitter van die direksie van Bestinvestin, 'n maatskappy waarvan 91% in swart besit is, gesê nadat hulle vandeesweek hul eerste rooibostee-oes aan die plaaslike en internasionale mark bekend gestel het.

Nie enige rooibostee nie. Nie gemengde rooibostee nie. Wupperthal-rooibostee. Egte rooibos. 100%. Super-graad.

Daarom heet dit Wupperthal 1830-rooibostee.

Die tee word eksklusief deur kleinboere van Wupperthal geoes, maar word by Nieuwoudtville Rooibos in die Noord-Kaap verwerk en verpak.

Figaji sê hulle het die ooreenkoms met die kleinboere en die rooibostee-werkers aangegaan omdat Bestinvestin die gemeenskap wou ontwikkel en as erkenning van kleinboere se rol in die rooibostee-bedryf.

"Ons het hierdie vennootskap op wedersydse respek vir mekaar en eerlikheid gebou.

"Ek is baie trots op hierdie ondersteuningsprogram vir die kleinboere en op hul positiewe reaksie. Vir my is dit 'n aanduiding van die vertroue en hoop wat hierdie vennootskap vir albei partye skep.

"Ons doelwit is om werkloosheid in Nieuwoudtville vir 'n ses te slaan, want vorentoe praat ons net drie dinge: bemagtiging, werkskepping en rooibostee."

Matthew Sampson, uitvoerende bestuurshoof, sê ná drie jaar van harde werk is hul gesogte Wupperthal-rooibostee nou op die mark.

"Om so 'n projek aan te pak was nie maklik nie, maar as 'n mens jouself uitdaag, kan jy 'n agent vir verandering wees.

Matthew Sampson (links), uitvoerende hoof van Bestinvestin, saam met die personeel by die rooibostee-aanleg in Nieuwoudtville.

Ons is diep dankbaar vir die Wes-Kaapse en Noord-Kaapse regering wat saam met ons hande gevat het."

Edgar Valentyn, voorsitter van die Fair Wupperthal Rooibos-koöperasie, sê hulle was sedert Augustus 2015 deurlopend in gesprek met Bestinvestin.

"In die afgelope twee jaar, waarin ons saam in een bootjie geroei het, van die verwerking tot die verpakking van die tee, was daar vele uitdagings. Met trots kan ek sê dat ons nou uiteindelik daar is waar ons 'n reeds verpakte, luukse rooibostee aan die mark kan voorsien. Hierdie inisiatief sal daadwerklik ons kleinboere se finansiële welstand verbeter."

Norman Shushu, Noord-Kaapse LUR vir landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling, sê die samewerking tussen sy departement, Bestinvestin en die kleinboere het net weer bewys watter resultate dit kan oplewer as almal bereid is om skouer aan die wiel te sit.

"Ons het nou die deur oopgemaak vir klein entrepreneurs om tee van hoë gehalte aan die wêreld te lewer.

"Dit ontsluit ook nuwe vennootskappe en ons landelike kleinboere word nou deel van die produksieketting. Meer nog, hulle word ook nou aandeelhouers.

"Ons in die Noord-Kaap het 'n supermoderne tee-aanleg in Nieuwoudtville gebou en vorentoe kan ons net die vrugte pluk.

"Die aanleg skep werk vir mense en sodoende verlig ons ook die armoede in die dorp. Ons het soveel hoop vir hierdie teeprojek dat ons in die toekoms ook ystee en kosmetiese rooibosprodukte gaan vervaardig."

Joyene Isaacs, hoof van die Wes-Kaapse departement van landbou, sê die vennootskap tussen die Wes-Kaapse en Noord-Kaapse regering bemagtig nie net die kleinboere en die gemeenskappe nie, maar skep vir kleinboere die geleentheid om hul produksie te verhoog.

■ **Wupperthal 1830-rooibostee kan aanlyn bestel word by www.wr1830.co.za.**